**Bylae 2. Temas wat verband hou met die selfkonsep van studente wat hakkel**

| | |
|---|---|
| **Sielkundige sterkte**<br>*Sielkundige sterkte* verwys na sekere vermoëns of persoonlike sterktes wat dien as buffer vir die invloed van negatiewe gebeure in die persoon se lewe (Nevid e.a. 2006). | *Die volgende sterkte-eienskappe het in die studente se response na vore gekom:*<br>aanvaarding, veerkragtigheid, toekomsverwagting, akademiese selfvertroue, empatie, onafhanklikheid, gemotiveerdheid, aanpasbaarheid, doelgerigtheid, hardwerkendheid, insig, interne lokus van kontrole, selfkennis, selftrots |
| **Veelvuldige verliese**<br>*Verlies* dui op 'n kragtige emosie wat meestal gepaard gaan met trauma[1] en wat veelvuldig van aard kan wees. | *Die volgende vorme van verlies het in die studente se response na vore gekom:*<br>die outentieke self, beheer oor sosiale situasies, selfvertroue en spontaneïteit, outonomie en menswaardigheid, skending van vertroue in mense |
| **Psigiese ongemak en pyn**<br>*Psigiese ongemak en pyn* dui op enige negatiewe gevoel, emosie of stemming wat tot psigiese verwonding by die student kan aanleiding gee. 'n Selfontwerpte skaal waar 1 die laagste en 10 die hoogste mate van intensiteit aandui, is gebruik om die intensiteit van studente se gevoelens, emosies en stemminge te bepaal. Die verskillende evaluerings word tussen hakies aangedui. | *Die volgende vorme van psigiese ongemak en pyn het in die studente se response na vore gekom:*<br>angs (10), vernedering (10), woede (9), minderwaardigheid (9), selfverkleinering (8), persoonlike teleurstelling (8), selfhaat (8), 'n depressiewe gemoedstemming gekenmerk deur terneergedruktheid, pessimisme, sosiale onttrekking) (9), paniek (10), droefheid (10), spanning (9), frustrasie (9), verwerping (9), magteloosheid (8), eensaamheid (8), geïsoleerdheid (8), selfbewustheid (8) |
| **Verdedigingsmeganismes**<br>*Verdedigingsmeganismes* verwys na intrapsigiese patrone van gedrag wat onbewustelik toegepas word om studente teen gevoelens soos angs, verleentheid, minderwaardigheid en skuldgevoelens te beskerm om sodoende die bewuswording van sulke gevoelens te voorkom (Meyer e.a. 2003). | *Die volgende verdedigingsmeganismes het in die studente se response na vore gekom:*<br>**Kompensasie**: strewe na beheer, strewe na 'n foutlose voorkoms, hoë akademiese verwagtinge<br>**Projeksie**: assosiasie van mislukking word geprojekteer op ander domeine van die student se bestaan. |
| **Negatiewe persoonskonstruksies**<br>*Negatiewe persoonskonstruksies* verwys na die verwronge oortuigings wat 'n student van hom- of haarself het. | *Die volgende negatiewe persoonskonstruksies het in die studente se response na vore gekom:*<br>vet, onaansienlik, abnormaal, mislukking, algemene onbevoegdheid, akademiese onbevoegdheid |
| **Geïnhibeerde gedrag**<br>*Geïnhibeerde gedrag* verwys na gedrag wat die student se spontane optrede weens hakkel rem of onderdruk. | *Die volgende wyses van geïnhibeerde gedrag het in die studente se response na vore gekom:*<br>antisipasie, isolasie, huiwering |
| **Negatiewe reaksies van luisteraars**<br>Dit sluit enige luisteraar-reaksie in wat | *Die volgende negatiewe reaksies van luisteraars het in die studente se* |

| | |
|---|---|
| deur die student wat hakkel as negatief ervaar word. | *response na vore gekom:*<br>spot, vernederende grappies oor hakkel, voltooiing van woorde en sinne, ongeërgdheid, ongeduld, onvermoë om oogkontak te behou |
| **Positiewe reaksies van luisteraars**<br>Dit sluit enige luisteraar-reaksie in wat deur die student wat hakkel as positief ervaar word. | *Die volgende positiewe reaksies van luisteraars het in die studente se response na vore gekom:*<br>opregte belangstelling en begrip, onvoorwaardelike aanvaarding, erkenning van bevoegdheid, outonomie en menswaardigheid |
| **Persepsies en stereotipes**<br>Persepsies en stereotipes word sosiaal gereguleer op grond van die samelewing se beskouing van wat normaal en abnormaal is. | *Die volgende luisteraar-persepsies en -stereotipes het in die studente se response na vore gekom:*<br>intellektueel swakker, skaam, teruggetrokke, introversief, opinieloos, gespanne, praat te vinnig |

[1] Harvey (2002) verduidelik die verband tussen trauma en verlies soos volg: "Traumas, by definition, involve major losses. People perceive trauma as fundamentally involving loss. All losses are not traumas, but all traumas involve loss. [T]raumas are formally defined as unusual events involving loss to the individual – whether a death, the loss of body parts or functioning, the loss of a job, the loss of one’s home, or the loss of one’s trust in the safety of the world."